Laerskool Lynnwood

# LYNNIES BEELD

Gelukkige kinders presteer vanself

Kwartaal 1: Nommer 7 - 27 Februarie 2026

# Ouerleiding

## Wat voed jou kind?

(Aangepas van 'n artikel deur Etienne Du B)

Ek het besef dat 'n kind word wat hy of sy elke dag gevoed word om te wees. Nie net met kos nie, maar met woorde, gewoontes, aandag en voorbeelde. Wat ons vir kinders wys, wat ons toelaat en wat ons oor en oor doen, vorm hulle harte en gedagtes.

'n Kind word nie wie hy eendag sê hy wil wees nie. Hy word wat hy aanhou oefen.

Intensies is mooi. Gewoontes bou karakter.

Kinders kan sê hulle wil harder werk in die skool, mooier praat met maats of minder kla. Hulle kan dit regtig bedoel. Maar hulle lewens verander nie deur wat hulle belowe nie. Dit verander deur wat hulle elke dag doen.

As 'n kind elke dag kies om net "nog een" speletjie te speel en huiswerk uit te stel, raak uitstel 'n gewoonte. As 'n kind leer om elke keer te skree wanneer hy kwaad is, word dit sy manier van praat. Maar as hy leer om asem te haal, te dink en mooi te kies – selfs wanneer niemand kyk nie – groei hy sterk van binne.

# Ouerleiding

*Dit is nie die groot oomblikke wat kinders vorm nie. Dis die klein goed:*

- *Om elke dag te lees, al is dit net tien minute.*
- *Om jammer te sê wanneer jy verkeerd was.*
- *Om weer te probeer nadat jy misluk het.*
- *Om die waarheid te praat, selfs as dit moeilik is.*

*Verandering by kinders hoef nie dramaties te wees nie.*
*Dit is stil. Dit is herhalend. Dit is die regte keuse wat oor en oor gemaak word.*
*Niemand steel 'n kind se toekoms nie.*
*Saam bou ons dit elke dag.*
*Kinders word nie net wat hulle droom nie.*
*Hulle word wat hulle bly voed.*



# Akademie

## Kuns

*Die gr.7-leerders het 'n eetkamer kunswerk met RSA-produkte gemaak, om verskillende kunselemente soos vorms, toonwaardes, tekstuur en spasie uit te beeld. Hulle het gebruik gemaak van verskillende mediums soos bv. akrielverf, olie pastelle, pen en inkleurpotlode.*

*Ons is trots op ons seniors se kunswerke*!



























# Atletiek


LEMAY VAN DER WESTHUIZEN
GAUTENG
ATLETIEK 2026


ANRU OELOFSEN
GAUTENG
ATLETIEK 2026


Hoop · Glo · Dien
Baie geluk aan die volgende atlete
wat aan die Gauteng Atletiek Kampioenskappe
gaan deelneem op 13/14 Maart 2026
• Ruan Pienaar - 150m Hekkies
• Malan Strijdom - 150m Hekkies
• Mia Labuschagne - Spiesgooi
• Anru Oelofsen - Gewigstoot & Spiesgooi
• Olivia Ebersohn - 100m
• Nienke van Wyngaard - Gewigstoot
• Lemay van der Westhuizen - 1200m
• Isabella Ebersohn - Hoogspring


RUAN PIENAAR
LYNNIES
GAUTENG
ATLETIEK 2026


NIENKE VAN WYNGAARD
GAUTENG
ATLETIEK 2026


MIA LABUSCHAGNE
3525
GAUTENG
ATLETIEK 2026


MALAN STRIJDOM
GAUTENG ATLETIEK
GAUTENG
ATLETIEK 2026


OLIVIA EBERSOHN
GAUTENG
ATLETIEK 2026


ISABELLA EBERSOHN
GAUTENG
ATLETIEK 2026

# Krieket

*Lynnwood se 1ste krieketspan het deelgeneem aan die jaarlikse DPHS Nasionale krieket fees.*

*Lynnies het 6 wedstryde gespeel en 4 uit die 6 gewen!*

*Ons het ook lekker afgekoel in die see en die jaarlikse uitstappie na Ushaka Marine World is weereens die hoogtepunt van die toer gewees!*



# Personeel

## Verjaarsdae





**1 Maart**

Zhane Smith
Rudé Heyns



**2 Maart**

Charlotte Uys



**3 Maart**

Pride Makhuvela



**4 Maart**

Felicia de Vos

# Belangrik

## Finansies

Indien u nie 'n maandelikse rekeningstaat ontvang nie, bly dit steeds u verantwoordelikheid om die finansiële kantoor in kennis te stel. Rig gerus 'n epos aan elzanne.botha@lynnwoodlaer.co.za

## Eisteddfod inskrywings

Inskrywings vir Eisteddfod sessie een is oop! Indien u kind wil inskryf, verwys asseblief na die D6 toep of rig 'n epos aan juffrou Marnie Krige (marnie.krige@lynnwoodlaer.co.za)

## Data-opdatering

Ons is tans in die proses om alle ouers se data op te dateer op die stelsel soos veranderinge aangebring was op die herregistrasie vorms van 2026. Ons vra asseblief u geduld met hierdie proses aangesien dit 'n reuse taak is.

Indien daar dringende veranderinge is, rig asseblief 'n epos aan admin@lynnwoodlaer.co.za

## D6+ Toep

Die D6+ toep is ons hoof kommunikasie kanaal en ouers word vriendelik versoek om asseblief die toep af te laai om ingelig te bly oor gebeure by die skool.

# Algemeen




d6 School Communicator

Kliek hier vir aflaaibare D6 toep

YouTube

Kliek hier




# NUUS: HY!-(un)-DAI bussies is weer Lynnies s'n

Dit is 'n groot voorreg om bekend te stel dat **Hyundai Zambezi** die huidige bussies vervang het met twee nuwe Hyundai Staria bussies om ons Lynnie-maats na aktiwiteite te vervoer.

Hierdie verhouding is nou reeds vanaf 8 Februarie 2024 gevestig en ons sien uit na die pad wat ons vorentoe saam met Hyundai Zambezi gaan stap, of moet ons sê: ***Ry...***

Dankie aan mnr. Christo Alberts (DP Hyundai Zambezi) wat die oorhandiging aan mnr. Steve gedoen het tydens Vrydag, 13 Februarie se Day Night Krieketwedstryd teen Grey College. Alhoewel die wedstryd nie kon plaasvind as gevolg van die weer nie, kon Lynnies steeds as ***WENNERS*** weg-***RY*** in ons nuwe bussies.



HYUNDAI ZAMBEZI

Laerskool Lynnwood

Hoop • Glo • Dien

# Belangrik


## Damesoggend

Dames, hierdie oggend is net vir jou! 'n Heerlike oggend van saamkuier, lag en eet, inspirasie en pitkos om jou vrouwees te vier!




Kaartjiebesprekings

Hoop om jul almal daar te sien!




WhatsApp groep skakel




Brosjure




Bemarkingsgeleenthede


# Algemeen







Kliek hier!



## Skoolkwartale

Kwartaal 1: 14 Januarie - 27 Maart
Kwartaal 2: 7 April - 26 Junie
Kwartaal 3: 20 Julie - 23 September
Kwartaal 4: 5 Oktober - 9 Desember

# Vriende van Lynnwood













**Bemarker**

**Sharise Janse van Rensburg**

**Sharise.JvRensburg@lynnwoodlaer.co.za**

# Vriende van Lynnwood












Adverteer hier!

**Bemarker**

**Sharise Janse van Rensburg**

**Sharise.JvRensburg@lynnwoodlaer.co.za**

Hoop • Glo • Dien

Laerskool Lynnwood

# Gelukkige kinders presteer vanself

Hier doen ons dinge, verrassend anders!

**Gr. RRR - 7**

